



UITGAWE 59

MEI 2008

LESSE VAN WARREN BUFFETT DIE BESTE BELEGGER TER WÊRELD

By Magnus Heystek—Investment Strategist

Warren Buffett word allerweë beskou as die beste belegger ter wêreld. Hoe dan anders? Want hoe het hy die rykste man ter wêreld geword as dit nie was vir sy buitengewone vaardighede en visie as 'n belegger nie?

Daar bestaan nie woorde om hierdie man se beleggingsprestasies te beskryf nie - iemand met 'n loopbaan van meer as sestig jaar as belegger (hy is nou 77) wat op 11 begin belê en terugskouend gebrom het hy het te lank gewag...

Behalwe sy huis, wat hy meer as vyftig jaar gelede gekoop het en steeds bewoon (hierin lê 'n les opgesluit vir ons almal) is sy netto waarde in geldterme tans meer as \$60 miljard, wat bestaan uit sy persoonlike belang in die Berkshire Hathaway Corporation - die beleggingsmaatskappy wat hy saam met sy ou sakevennoot Charlie Munger bestuur.

Buffett se siening oor beleggings en investering is welbekend. Hy is die messias, by wyse van spreke die ghoeroe van die beleggingswêreld wat bevestig word deur die feit dat meer as 20 000 gewone (en soms ongewone) beleggers jaarliks 'n pelgrimstog na die dorp Omaha in die Amerikaanse deelstaat Nebraska onderneem vir die jaarvergadering van Berkshire.

Hierdie vergadering is vroeg vandeemaand gehou en elke woord van hierdie befaamde belegger was onmiddellik nuus, groot nuus, wat oor die hele wêreld weerk-lank gevind het - op televisie, oor die radio en in nuusblaaië. Die deurlopende boodskap aan sy gehoor, wat die afgelope twaalf maande of langer uitgelewer was aan 'n dolle rit op 'n sub-prima-wipwaentjie was: Dit gaan stadig, maar dit raak beter.

Dis voorwaar goeie nuus vir ons in Suid-Afrika, want selfs al het die plaaslike geldmarkte taamluk ongeskonde van die sub-prima-krisis in Amerika en Brittanje afgekom, was die uitwerking meer onregstreeks.

Die grootste direkte slagoffers van die krisis was heel eerste die beleggingsbanke, waaronder Bear Stearns die grootste, en daarna alles en elkeen wat selfs gering betrokke was by behuising, huisbou, huisfinansiering, huisverbande, ens...

STANLIB & BRENTHURST
WEALTH MANAGEMENT
BELEGGINGS SEMINAAR

DATUM: WOENSDAG, 21 MEI 2008

TYD: 15H30 VIR 16H00

PLEK: 17 MELROSE BOULEVARD
STANLIB HOOFKANTOOR
MELROSE ARCH

RSVP: ALLIE (011) 799-8100
allie@brenthurstwealth.co.za

BESPREKING IS BELANGRIK!
Verversings sal bedien word!

lets waarvoor Warren Buffett straks minder bekend is, is dat hy ingestel is op die waardestyl van investering. Aktiewe beleggingsbestuurders behoort normaalweg tot een van twee groepe: die waarde- of die groei-groep. Elk het sy plusse en minusse.

Die groeifilosofie se sterkste plus is die vroeë identifisering van die groei maatskappye, maar is blootgestel aan die risiko dat die sonskyn-potensiaal nie verwesenlik word nie of dat die toestande of omgewing van snelle groei haastiger kwyn as wat voorsien is.

In teenstelling hiermee is waarde-investering se voordeel dat dit nie staatmaak op voorspellings nie. Die klem val eerder op die bekende elemente, veral binne 'n maatskappy of nywerheid. Soos Buffett - wat tot onlangs geen persoonlike rekenaar op sy lessenaar gehad en hoegenaamd geen kontak gehad het met die wereld se aandelebeurse nie - dit al dikwels gestel het: "Ek weet nie wat op die aandelebeurse aangaan nie en gee ook nie om nie."

Die groot verskil tussen die twee style of benaderings beteken dat die een soms die ander sal oorheers - afhangende van die marktoestande. Ons beskik oor bewyse hiervan in die Suid-Afrikaanse mark op grond van die volgende:

- Waarde-aandele het groei-aandele in 2001 die loef afgesteek nadat laasgenoemde se gewildheid getaan het weens die ineensterting van die dotcom-kaartehuis.
- In 2002, toe Suid-Afrikaanse aandele deur 'n beermark gewurg is na die terreur-aanvalle op 11 September, was dit groei-aandele wat waarde-aandele gerieflik geklop het. Oor die volgende drie jaar, tot einde 2006, het waarde-aandele groei-aandele baie gemaklik tweede viool laat speel.

In die jongste verlede het groei-aandele, veral hulpbronne, die botoon gevoer en waarde-aandele sedert middel 2007 met meer as 9% geklop.

Dit was 'n verrassing omdat die algemene konsensus ten tyde van die begin van die sub-prima-krisis was dat enige globale afswaai (weens die krisis) sou gelei het tot 'n daling in die prys van goedere weens swakker globale groei.

Net mooi die teenoorgestelde het gebeur met goederepryse en maatskappywaardes wat tot in die stratosfeer geklim het met 'n gelykmatige afname in die relatiewe waardes van tradisionele waarde-beleggings, veral banke en maatskappye wat finansiële dienste lewer.

Die vraag wat gereeld opkom, is: Is daar nog tyd om die groeiemark te betree, wat by implikasie bronne beteken? Ons dink nie so nie.

WAARDE HET DIE TOETS VAN DIE TYD DEURSTAAN

DIE WAARDE-FILOSOFIE HET HOM AL OOR EN OOR - OOR JARE EN OOR ALLE GRENSE - AS DIE BESTE BELEGGINGSBENADERING BEWYS. VOLGENS 'N OMVATTENDE STUDIE WAT IN 1998 DEUR DIE NAVORSER-ONTLEDERS FAMA EN FRENCH ONDERNEEM IS, HET GETOON DAT WAARDE-AANDELE OOR 'N TYDPERK VAN 20 JAAR - VAN 1975 TOT 1995 - MET GEMIDDELD 5.8% PER JAAR BETER GEPRESTEER HET AS GROEI-BELEGGINGS OP AL DIE WERELD SE VERNAAMSTE MARKTE

WAARDE-AANDELE HET DIE MARK VOORTS MET 2.9% PER JAAR GEKLOP EN WAS IN 'N VEEL MINDER MATE BLOOTGESTEL AAN DIE MARKTE SE ONSTUIMIGHEID OF WISPELTURIGHEID.

DIT GELD OOK VIR SUID-AFRIKA: WAARDE-AANDELE HET TUSSEN 2002 EN 2007 GEPRESTEER MET 'N OPBRENGS VAN 10.2% HOËR AS GROEI-AANDELE. DIE LAASTE SES MAANDE VAN DIE JAAR WAS NIE MAKLIK NIE, MET DIE MEESTE WAARDE-FONDSE IN NEGATIEWE GEBIED - HOOFSAAKLIK WEENS DIE MARK SE SWAK APTYD VIR BANK- EN FINANSIËLE AANDELE.

By Brenthurst is ons sterk voorstanders van die benutting van waardestyl-beleggingsfondse. Dit sluit onder meer die waardefondse van Investec, Stanlib en Sanlam.

In skerp teenstelling met groei-investering, is waarde-investering konserwatief - dit koop wat veilig en goedkoop is. Veilig het betrekking op oorlewing en goedkoop op die aandeleprys, wat aansienlik laer is as sy historiese waarde of wat 'n mededinger of private effektefonds daarvoor sal betaal.

Die bestuurders van waardefondse hou hulle ook op die hoogte van ander faktore, onder meer prysverdiensverhoudings, prysverdiens in verhouding tot boekwaarde, dividendopbrengste en die bestendigheid van verdienste.

'n Onreëlmatigheid of abnormale van die markte is dat 'n verkeerde waardeskatting, soos wat ons die afgelope sowat ses maande ervaar het, langer kan duur as wat logies voorsien is.

Die wanverhouding in waarde-opbrengs soos tans tussen hulpbronne- en finansiële aandele kan selfs vererger en gevolglik veel groter gevare vir beleggers inhou wat tans swig voor die verleiding van steeds stygende pryse.

Gloobaal beskou, is finansiële aandele na aan 'n waarde-laagtepunt oor 55 jaar relatief tot die goederemark, volgens bronne van die Empirical Research Partners Analysis.

As enigsins waarde aan die geskiedenis geheg word, was daar nog nooit 'n beter tyd om in ondergewaardeerde maatskappye te belê nie

Ons siening bly derhalwe dieselfde: die hulpbronne-sektor verdiskonteer tans uitstekende globale toestande. Dit is 'n gevaarlike benadering, wat beleggers duur te staan kan kom wat hulle laat lei deur immer stygende pryse.



MAGNUS HEYSTEK beskik oor die graad BA (Hons.) van die Randse Afrikaanse Universiteit. Hy het sy loopbaan in 1976 begin as beleggingsjoernalis by die dagblad Beeld, waarna hy in 1986 sake- en beleggingsredakteur van The Star geword het. In sy loopbaan as beleggingsjoernalis het hy talle internasionale beleggingskonferensies oor die hele wêreld bygewoon, insluitende vergaderings van die Internasionale Monetere Fonds en die Wêreldbank. Hy was die stigter van The Star se beleggersklub en tien jaar aan die hoof daarvan totdat hy sy beleggingsbelang aan Citadel verkoop het. Hy het veertien jaar lank die gewilde rubriek Money Matters in The Star en ander koerante landwyd geskryf. Hy het die leiding geneem met die eerste inbel-program oor persoonlike geldsake op Radio 702 en het dit elf jaar behartig. Hy het gereeld op televisie opgetree, wat insluit die reeks van 52 programme The World of Money, wat gegrond was op die boek met dieselfde titel. Hy is die skrywer van verskeie boeke oor beleggings- en aftreebeplanning, insluitende **Making Money Made Simple** (saam met Noel Whittaker), **The World of Money, Don't Say You Haven't Been Warned**, **Retirement: The Amazing and Scary Truth** (saam met Bruce Cameron), asook verskeie ander publikasies. Magnus Heystek is in beheer van beleggingsnavorsing en Klante-kommunikasie.

BELEGGINGSBEPLANNER

BRIAN BUTCHART
brian@brenthurstwealth.co.za

JOHAN BURGER
johan@brenthurstwealth.co.za

MICHELLE HEYSTEK
michelle@brenthurstwealth.co.za

BELASTING-EN REKENINGDIENSTE :

GAVIN BUTCHART
gavin@brenthurstwealth.co.za

BEMARKING:

SUE HEYSTEK
sue@brenthurstwealth.co.za

KLIENTEDIENS:

CELESTE PHAKHATI
celeste@brenthurstwealth.co.za

ALLIE SIKHOSANA
allie@brenthurstwealth.co.za

ROZANNE HEYSTEK
rozanne@brenthurstwealth.co.za

BRENTHURST WEALTH MANAGEMENT (PTY) LTD

Tel: (011) 799- 8100
Epos: magnus@heystek.co.za
johan@brenthurstwealth.co.za
allie@brenthurstwealth.co.za

Faks: (011) 799- 8101
brian@brenthurstwealth.co.za
michelle@brenthurstwealth.co.za
celeste@brenthurstwealth.co.za

gavinb@brenthurstwealth.co.za
sue@brenthurstwealth.co.za
rozanne@brenthurstwealth.co.za